# Afrikaans Huistaal


# Graad 7

## Lees met begrip

### Prelees

Lees en kyk aandagtig na die volgende foto, diagram en titel:






**2 "entreppies" help nou om ander se drome waar te maak**

**Gesels in groepe/met mekaar oor die volgende:**

- Wanneer skud jy iemand se hande soos in die foto?
- Waarom word die woord "entreppies" in aanhalingstekens geskryf?
- Gebruik 'n woordeboek en soek die betekenis van die woord in die diagram waarvan "entreppie" afgelei is. Verduidelik vir mekaar wat die woord beteken.
- Waaroor dink gaan die koerantberig handel as jy na die titel kyk?

### Tydens lees

**Lees die volgende teks aandagtig deur.**

**Die teks:**

**Twee "entreppies" help nou om ander se drome waar te maak**

**Jacqui Steeneveldt**

"As jy oud genoeg is om te droom, is jy oud genoeg om 'n entreppie te wees." 'n Entreppie?

Soos Dehan (12) en Marnus Louw (11) hierdie woord verstaan, is dit iemand wat ``geleenthede kan uitsnuffel" en "iemand met groot drome".

As dit by sake kom, weet hierdie twee skoolseuns van die Sentrale Volkskool in Kroonstad waarvan hulle praat.

Dit is nou die tweede agtervolgende jaar wat hulle met die eerste plek in die ATKV- jong entrepreneurskompetisie weggeloop het.

Hulle het vier jaar gelede vir die eerste keer aan dié kompetisie deelgeneem.

Volgens hul ma, mev. Claudien Louw, het hulle begin om Marsman-lekkergoed (uit malva-agtige sjokolade) onder die naam "Soettand se Droom" by die skool te verkoop. Die lekkers was só gewild dat hulle dit later in die res van Suid-Afrika bemark het.

Met "Soettand se Droom" het hulle eers 'n tweede plek en toe 'n eerste plek in die ATKV-kompetisie behaal.

As hulle nie swem en rugby speel nie, gee hulle aandag aan marknavorsing.

"Ons is self entrepreneurs en ons verstaan dit is nie maklik om met volwassenes te kompeteer nie; ons wil nou kinders help om hul drome te bewaarheid," het Dehan gesê.

Hul jongste bedryf is www.entreppie.co.za, 'n webtuiste wat in die behoeftes van jong entrepreneurs voorsien. Hulle gee ook 'n nuusbrief uit.

(Verwerk en aangepas uit: *Beeld* 28 Januarie 2013)


(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewers

**Postlees**

**Beantwoord die volgende vrae in jou werkboek:**

*Vlak 1: Letterlike begrip (Weergee/herroep van inligting vanuit die teks.)*

1. Hoe oud moet jy wees om 'n "entreppie" te wees? (1)
2. Waar bly die twee seuns? (1)
3. Die twee seuns is ook lief vir sport. Watter twee sportsoorte beoefen hulle? (1)
4. Haal 'n woord uit paragraaf 2 aan wat dieselfde beteken as die volgende . . . (1)

| Om iets speurend te vind deur 'n noukeurige ondersoek. |
|---|

*Vlak 2: Herorganiseer (Ontleed/analiseer dit wat in die teks is.)*

5. Gebruik die woorde in die diagram en gee jou eie definisie van 'n "entrepreneur". (2)

*Vlak 3: Afleiding (Lei ondersteunende detail af.)*

6. "Dehan en Marnus is twee nefies."
   a. Is hierdie stelling *waar* of *onwaar*? (1)
   b. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
7. Beskryf in jou eie woorde wat met die koerantberig se opskrif bedoel word. (2)
8. Vul die ontbrekende woorde in: *Die twee seuns deel graag hulle inligting deurdat hulle 'n . . . het en 'n . . . uitgee.* (2)

*Vlak 4: Evaluering (Beoordeel realiteit of verbeelding/fantasie.)*

9. Stem jy saam met die seuns se siening in die eerste sin? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
10. Dink jy dit is goed as kinders op so 'n jong ouderdom al besigheid/sake doen? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

*Vlak 5: Waardering (Emosionele respons op die inhoud.)*

11. Kan jy met die twee seuns identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL: 15 PUNTE**

*Memorandum*

1. As jy oud genoeg is om te droom. / Sodra jy kan droom. (1)
2. Kroonstad (1)
3. swem, rugby (2 x ½ = 1)
4. "uitsnuffel" (1)
5. Leerders se definisie. Woorde in die diagram moet gebruik word. Die definisie mot sinvol/logies wees. *(2: Een (1) punt vir sinvolle definisie. Een (1) punt vir gebruik van meer as drie woorde vanuit die diagram)*
   *'n Entrepreneur is kreatief, oog vir besigheid, kan sukses met drome behaal . . . .*
6. a) Onwaar (1)
   b) Hulle is broers met dieselfde ma. "Volgens hul ma . . ." (1)
7. Die twee entrepreneurs help nou om ander se drome om geld te maak, waar te maak. *(2: een (1) punt vir logiese sin. een (1) punt vir korrekte verklaring).*
8. webtuiste, nuusbrief (2)
9. Leerders se verklaring. *(1: toegeken vir logiese verklaring van Ja/Nee).*
10. Leerders se antwoord. *(1: toegeken vir logiese verklaring van Ja/Nee).*
11. Leerders se antwoord. *(1: toegeken vir logiese verklaring van Ja/Nee).*

**Totaal: 15 punte**


(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewers